Laerskool Louis Leipoldt

Die skool waar jy saakmaak

30 Oktober 2018 Graad 7

Afskeidseremonie

Vrydag 23 November 2018

Geagte graad 7 leerling en ouers/voogde

Ons nooi u vriendelik uit na die afskeidseremonie op 23 November om 09:15 in die skoolsaal. Tydens hierdie seremonie neem ons afskeid van ons leerlinge wat vir 8 jaar (sommige leerlinge vir korter tydperke) deel van ons Leipiefamilie was. Ons wil hulle graag op gepaste wyse groet en voorspoed toewens vir die toekoms waar hulle na verskeie hoërskole gaan.

Parkering is op die rugbyveld beskikbaar. Die verrigtinge by die skool begin stiptelik 09:15 en sal teen 10:30 afgehandel wees. Na afloop van die verrigtinge in die saal, verdaag die ouers na die vierkant waar alle leerlinge in die skool wag om deel te neem aan die tradisionele seremonie op die vierkant.

Na afloop van die seremonie by die skool, vertrek graad 7 leerlinge saam met hul ouers na die kerkdiens by NG Moedergemeente, in Burgerlaan. Die kort diens begin om 10:45. Leerlinge wie se ouers nie teenwoordig kan wees nie, loop as groep onder toesig na die kerk en sal teen 11:30 terug wees by die skool.

Kom wees deel van hierdie onvergeetlike ervaring.

Mev A van Rensburg
Departementshoof

Mev L Cloete
Graadhoof

Mnr P H Ferreira
Hoof

Ons versoek dat leerlinge hierdie gedeelte sal voltooi en by mev A v Rensburg inhandig.
Ons vra leerlinge om terug te dink aan aan hulle laerskoolloopbaan en vir ons te vertel van interessante/humoristiese insidente in die klas/met maats/op die sportveld/iets wat hul altyd sal onthou. Dit is aangenaam om op die wyse afskeid te neem. Leerlinge is welkom om op enige ander papier te skryf en in te handig. Skryf jou naam by as jy wil.

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton • Posbus 14022, Lyttelton, 0140
Epos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za, **Finansies:** finansies@louisleipoldt.co.za
Tel: 012 664 5798/9 • **Faks:** 012 664 2155 • **Webwerf:** www.louisleipoldt.co.za